# Hoofstuk van die dag: Jeremia 17

> *Maar as júlle aan My gehoorsaam is, sê die Here, en niks deur die poorte van hierdie stad dra op die sabbatdag nie, die dag heilig hou en geen werk doen op dié dag nie, sal daar altyd konings wees wat op die troon van Dawid sit en deur die poorte van die stad gaan met hulle amptenare. (Jer 17:24-25a)*

Hierdie hoofstuk is ’n samestelling van uitsprake wat Jeremia gemaak het op verskillende tye in sy lewe. Sy preek oor die sabbat (vers 19 e.v.) kom waarskynlik uit ’n tyd vroeg in sy bediening, toe die belofte van redding uit die bedreiging nog geldig was. Die belofte was later in sy bediening nie meer van toepassing nie (vers 4).
Genadetyd kan verbygaan as jy jou hardkopping verset teen God se aanbod van genade. Wat my tref, is dat die volk met relatief min aanpassings hulle lewe weer in lyn met God se verwagtings kon bring. Terugdraai begin dikwels met klein, doenbare stappies van gehoorsaamheid aan God se woord. Van weer jou Bybel optel en weer begin bid, of kerk toe gaan, of by ’n kerkaksie betrokke raak.
Moenie wag vir ’n groot oomblik van radikale inkeer nie; dit kan dalk te laat wees. God se resep is: Vandag.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026